

# HOOFSTUK 1

## NAVORSINGSAREA

### 1.1 AGTERGROND EN AANLEIDING TOT DIE KEUSE VAN DIE NAVORSINGSTEMA

#### 1.1.1. Faktore uit my kinderjare:

Ek het grootgeword in 'n streng patriargale huisgesin waar my vader sy hoofskap (baasskap) streng afgedwing het en waar byna alles onderworpe was aan sy goedkeuring. Sy woord was wet al was hy dikwels (na my mening) verkeerd.

My moeder was 'n sagte mens wat maar ewe gedweë onderdanig was en haar rol as huisvrou, moeder en hulp vir my vader, sonder teësprak uitgeleef het. Sy het weinig leefruimte vir haarself gehad en byna geen besluitnemingsreg nie. Van elke sent moes sy verantwoording doen en sy kon nooit sonder toestemming dorp toe gaan, by iemand gaan kuier of aan enige aktiwiteite buite die huishouding deelneem nie.

Soos ek ouer geword het, was dit vir my al hoe meer duidelik dat my moeder die sterker persoon was in die huwelik. Sy was na my mening emosioneel meer volwasse, kon beter met geld werk, het konflik beter hanteer en sy het 'n meer positiewe selfbeeld gehad as my vader. My moeder het baie pyn beleef as gevolg van my vader se alkoholisme, ontrouheid, jaloesie, humeur (woede) en verbale mishandeling. Tog het sy altyd onderdanig gebly.

Ek kon nooit verstaan waarom 'n vrou met soveel potensiaal haar so kon laat oorheers en verneder nie. Haar antwoord was maar altyd dieselfde: “Die Bybel sê 'n vrou moet aan haar man onderdanig wees.”

Ek het as kind nie begryp hoe ingewikkeld die situasie in werklikheid was nie. Ek onthou egter dat ek nie kon verstaan hoe die Here van 'n vrou kan verwag om onderdanig te wees in sulke omstandighede nie. As jong kind kon ek ook nie aanvaar nie dat die Here vir 'n vrou sal beveel om, soos my ma, onderdanig aan haar man te wees; of 'n man sou beveel om 'n vrou so te behandel soos my pa met my ma gedoen het.

### 1.1.2 Faktore tydens my bediening as predikant

Ek werk reeds twintig jaar as predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. By verre die grootste deel van my bediening word gewy aan pastorale terapie met kerklidmate; met ander woorde gelowiges. In my huidige gemeente is dit ook my spesialiteitsveld. Deur die jare, soos wat ek na mense se stories tydens terapie geluister het, was dit vir my duidelik dat baie gelowige egpare se storie maar net klink soos my vader en moeder se huwelikstorie: Die man is die hoof (meerdere) en die vrou is aan hom onderdanig (as mindere). Die man vervul egter sy hoofskap (baasskap) op so manier dat dit dikwels geskied ten koste van sy vrou. Gewoonlik word die vrou gemarginaliseer en haar rol word verskraal tot dié van *hulp vir haar man en/of huisvrou en ma vir die kinders*.

Wanneer ek egpare vra wat hulle gelei het om hoofskap en onderdanigheid so te verstaan soos hulle dit verstaan, word daar gewoonlik gesê: “Die Bybel/Here sê so” en dikwels word daar na die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5:21-33 verwys. Verder sê baie dat hulle maar so grootgeword het. Hulle doen maar soos hul ouers gedoen het. Hierdie styl word van geslag tot geslag onkrities oorgedra en daar word ewe onkrities aanvaar dat die Bybel dit sanksioneer.

Tydens persoonlike gesprekke en berading met lidmate word die volgende vrae ook gereeld aan my gevra:

- Moet vrou *vandag nog* aan haar man onderdanig wees?
- Moet vrou werklik *in alles* aan haar man onderdanig wees?
- Moet vrou aan haar man onderdanig wees as hy van haar verwag om aan die Here ongehoorsaam te wees?
- Het man en vrou ewe veel sê in alle sake?
- Moet ek aan my man onderdanig wees as hy nie christen is nie?
- Is ek gedoem om lewenslank maar net hulp te wees vir my man?
- Verwag die Here van my om net huisvrou en ma vir my kinders te wees?

Dit het by my die behoefte laat ontstaan om Efesiërs 5:21-32 onder die vergrootglas te plaas. Ek wou weet of hierdie (na my mening) stereotipe, dié siening van man- en vrouwees in die huwelik, wel in die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5 gepropageer word. Ek wou weet of daar nie dalk ander interpretasies moontlik is nie, wat deur pastors

en terapeute as hulpmiddel gebruik kan word om egpare, veral vrouens, te begelei na selfvervulling en eties meer regverdige en gelyke verhouding.

Ek wou weet hoe dit moontlik is dat liefdesverhouding wat deur gelowiges in die kerk aanvaar word as Goddelike instelling, soveel pyn en konflik kan veroorsaak. Is die huwelik of die Bybel die probleem? Of is die mense se interpretasie van die huwelik en die Bybel dalk die probleem? Die vraag het ook by my ontstaan of die kerk nie dalk medeverantwoordelik is vir hierdie stereotiepe beskouings onder lidmate nie. Is die kerk nie dalk self aandadig aan die pyn, frustrasie en ellende in die huwelike van baie lidmate nie? Word hierdie stereotiepe beskouings oor hoofskap en onderdanigheid nie dalk deur baie in die kerk voorgehou as enigste waarheid nie?

Moet die kerk nie hierdie Christus-kerk metafoor anders verstaan en interpreteer vir die mense aan wie dit troos, liefde, hoop en bevryding moet bring nie?

Vandaar dan die behoefte om hierdie metafoor te dekonstrueer. Ek wil deelneem aan die gesprek oor hoofskap en onderdanigheid in die huwelik. Indien moontlik sou ek bydrae wou lewer wat kan lei tot meer eties-verantwoordbare interpretasie van die man-vrou-verhouding in die huwelik in die lig van die Bybel, veral Efesiërs 5:21-33. Sodanige interpretasie moet ook lei na meer eties-verantwoordbare uitkoms in die huweliksverhoudings van lidmate. Wanneer sekere beskouing van man-wees en vrouwees tot gevolg het dat een van die huweliksgenote gedegradeer, gemarginaliseer, selfs aangerand en ingeperk word. kan dit eties verantwoord word in die lig van God se Woord?

## **1.2 MY EIE (VOORLOPIGE) INTERPRETASIE VAN DIE CHRISTUS-KERK METAFOOR IN EFESIËRS 5:21-33.**

As predikant volg ek al baie jare lank die diskoerse in verband met Efesiërs 5:21-33 en probeer ek hierdie teks verstaan en interpreteer. Hierdie navorsingsproses strek dus in werklikheid al oor baie jare. Ek probeer om elke boek en artikel wat ek daarvoor in die hande kan kry te lees en ek luister, sover dit moontlik is, na soveel as moontlik praatjies en seminare oor hoofskap en onderdanigheid in die huwelik. Dit het tot gevolg dat ek die Christus-kerk metafoor reeds op sekere manier interpreteer en verstaan.

Voordat die navorser sy eie egalitêre interpretasie van hierdie metafoor in hoofstuk 3 kan verantwoord, en voordat die navorser die nut van hierdie interpretasie as hulpmiddel in pastorale huweliksterapie in hoofstuk 5 kan bepaal, is dit noodsaaklik om net kortliks te sê hoe die navorser hierdie metafoor interpreteer en verstaan. Vanuit 'n postmoderne denkwysie is dit onmoontlik om in 'n terapeutiese situasie eties-neutraal te wees. Terapeute moet derhalwe ook in die terapeutiese proses voortdurend eerlik en deursigtig wees oor hul eie etiese beskouings.

Ek aanvaar dat Efesiërs 5 vir christene in 'n gemeentesituasie geskryf is en dat dit spesifiek handel oor die man-vrou-verhouding in die huwelike van gelowiges. Ek aanvaar byvoorbeeld dat man en vrou deur God as volkome gelykes geskape is en dat elkeen in die huwelik dieselfde waarde, gesag, status, seggenskap en besluitnemingsreg het. Ek meen dat Efesiërs 5:21-33 kritiek lewer teen die patriargale huweliksbeskouing van die Griekse, Romeinse en Joodse leefwêreld van die eerste twee eeue na Christus. Ek aanvaar nie dat die metafoor mans in 'n bevoorregte leiersposisie bokant die vrou plaas nie. Ek aanvaar ook nie dat Efesiërs 5 die vrou as mindere en swakkere naas die man beskou nie. Ek glo dat Efesiërs 5 dieselfde vereis van beide man en vrou in die huwelik: albei moet aan mekaar onderdanig wees, albei moet hulself in liefde volledig aan mekaar gee en mekaar in liefde dien. Efesiërs 5 praat na my mening nie van gesag, leierskap en posisie nie, maar van opoffering, liefde en diens aan mekaar.

Ek wil my egalitêre interpretasie van hierdie metafoor asook die bruikbaarheid daarvan vir huweliksterapie toets. Ek wil vasstel of hierdie egalitêre interpretasie as hulpmiddel gebruik kan word om huwelikspare in pyn te begelei na 'n verhouding waarin elkeen sy/haar menswaardigheid, potensiaal en gawes ten volle kan verwesenlik.

### **1.3 MODERNISTIESE EN POSTMODERNISTIESE HUWELIKSBESKOUING**

In die postmoderne era waarin die kerk tans verkeer, het die huwelik as instelling buitengewoon kwesbaar geword. Cheal (1993) meen dat daar 'n groeiende kloof ontstaan het tussen modernistiese en postmodernistiese opvattinge oor die huwelik.

#### **1.3.1 Modernistiese huweliksbeskouing**

Die modernistiese tydsgees het sterk invloed gehad op die mens se opvatting oor die huwelik. Die huwelik word gesien as instelling wat basiese grondpatroon aanneem (Jordaan 1996:5). Dié grondpatroon bestaan uit heteroseksuele huwelik tussen een man en een vrou en hul kinders. Te midde van snelle samelewingsveranderinge en disintegreerende invloede kon die huwelik steeds aanpassend geherorganiseer word om lewenseenheid te verseker (Burgess & Locke 1945). Modernisties gesien kan die huwelik deur die vernuf van die menslike rede werkbaar gemaak word.

Rondom dié grondpatroon geld daar drie duidelike huweliksmodelle (Jordaan 1996:3-5).

Hierdie modelle verskil onder andere van mekaar in terme van

- \* posisie van man en vrou in die huwelik
- \* aard van die verhouding tussen man en vrou
- \* soort persoonlike kenmerke wat van man en vrou verwag word in die huwelik.

Twee van hierdie modelle is vir hierdie studie van belang en word vervolgens bespreek:

### **1.3.1.1 Tradisionele (patriargale) huweliksmodel**

Volgens Segal (aangehaal deur Jordaan 1996:3) bestaan dit uit heteroseksuele egpaar met kinders, gebaseer op werkverdeling wat bepaal word deur geslag. Hier is die man die broodwinner en hy sorg vir die ekonomiese en materiële behoeftes van die afhanklikes, sy vrou en kinders.

In hierdie model is die man die onbetwiste hoof van die gesin en die alleen-broodwinner. Hy neem namens sy gesin die besluite en sy rol en take tuis word bepaal deur sy (sterker) manlike geslag. Die vrou het nie eie loopbaan nie en sy wy haar lewe aan kinderopvoeding en tuisteskepping. In dié huwelik is die vrou aan die man onderdanig. Hulle is nie gelykes nie en die man het die mag. Die man word gesien as sterk, rasioneel en beheersd, terwyl die vrou (as swakkere) as afhanklik, moederlik, liefdevol en emosioneel beskou word. In hoofstuk 3 sal dit blyk dat hierdie beskouing van die huwelik groot invloed gehad het op sowel die ontstaan as verstaan van die metafoor in Ef. 5:21-33 (sien hoofstuk 3). Dit speel immers steeds groot rol wanneer mense vandag hierdie Bybelteks interpreteer (sien hoofstuk 4).

### 1.3.1.2 Die deelgenootskaplike huweliksmodel

Volgens dié model is die man die broodwinner en hoof maar hy *raadpleeg* sy vrou oor sake wat die huwelik en gesin raak. Die vrou kan deelyds broodwinner wees. Ter ondersteuning van haar man mag sy buite die huis betrokke wees, maar haar hoofsaak is dié van tuisteskepper. Tipiese voorbeelde hiervan is die dominee en mevrou, die skoolhoof en sy vrou en die dokter en sy vrou.

Dié huwelik is gebaseer op kameraadskap maar die man se belange geniet prioriteit. Die man het ook die finale sê in besluitneming of in geval van verskille.

Die man word beskou as rationeel en gee leiding terwyl hy ook genaakbaar en meer emosioneel betrokke is by die gesin. Van die vrou word verwag om afhanklik, moederlik en liefdevol te wees. Sy moet haar man ondersteun, maar sy moet ook oor intellektuele vaardighede beskik en mate van onafhanklikheid vertoon.

Dit is belangrik om aandag te gee aan hierdie twee modelle aangesien dit juis blyk dat baie kerkleiers en lidmate wat hierdie twee modelle óf propageer óf verwerp, Efesiërs 5:21-33 gebruik om hul siening te regverdig (sien hoofstuk 4 vir voorbeelde). In hoofstuk 4 fokus ek op albei hierdie groepe – dié wat die metafoor streng patriargaal interpreteer en dit net so aanvaar as die enigste waarheid en dié wat dit verwerp as kultuurhistoriese teks wat verwyder of geïgnoreer moet word.

Patriargale huweliksbeskouings word algemeen aanvaar deur mense binne die sosiale konteks van die outeur van die Efesiërbrief sowel as dié van sy lesers (sien 3.2). Soos ek in hoofstuk 3 aandui, blyk dit dat die sosiale konteks van die skrywer en lesers van Efesiërs, en meer spesifiek die beskouings rondom die patriargale huwelik, groot rede was vir die ontstaan van die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5.

In hierdie studie word die onbetwiste hoofskap van die man asook die onkritiese onderdanigheid van die vrou krities geëvalueer in die lig van die Bybel.

In hoofstuk 4 word daar ook gekyk na die voorkoms en gevolge van hierdie soort huweliksbeskouing binne die geloofsgemeenskap van veral die Nederduitse

Gereformeerde Kerk. In hoofstuk 5 word saam met 'n egpaar, wat ernstige probleme het as gevolg van so 'n huweliksbeskouing, gesoek na 'n meer eties-verantwoordbare uitkoms in hul verhouding. Hierdie proses geskied in die lig van die boodskap van Efesiërs 5 soos wat ek dit interpreteer en verantwoord in hoofstuk 3.

### **1.3.2 Postmoderne huweliksbeskouing**

Hare-Mustin en Marecek (1990) dui aan dat die sogenaamde “ware aard” van man en vrou onbepaalbaar is, en derhalwe ook in geen normgewende voorskrif vasgevat kan word nie. Daar kan dus geen postmoderne huweliksmodelle wees nie aangesien so-iets gewoon kontradiksie in (postmoderne) terme sou wees. Postmoderne ontleders soos Bernardes (1993) wys op verskeie sake soos huwelikskonflik, kindermishandeling en gesinsgeweld wat aantoon dat die tradisionele (patriargale) gesinswaardes baie pyn in gesinne skep en dit ook verbloem. So dui Cheal (1993), Bernardes (1993), Stacey (1990) en Zinn en Eitzen (1990) op verskeie maniere aan dat die modernistiese huweliksmodelle die problematiek en diversiteit van hedendaagse huweliks- en gesinsmoontlikhede ontken. Om hierdie rede vind ek my tuis in 'n postmoderne denkrigting waar die kompleksiteit van mense se huweliksverhouding en die omstandighede waarin hul leef, in ag geneem word. Dit is dan ook die benadering in hierdie studie.

Die tradisionele modelle en grondpatroon van die huwelik en gesin is besig om drasties te verander. Binne die raamwerk van plurale postmoderne moontlikhede, is daar nou enorme diversiteit van verhoudingsmoontlikhede tussen die geslagte. Ook is daar geweldige onstabieleit, wisselvalligheid en kompleksiteit in sogenaamde “tradisionele” huwelike. Die deelgenote is selde toegerus om die eise wat die postmoderne era aan hulle stel, te hanteer. Volgens Stacey (1990:18) heers daar 'n postmoderne “huweliksrevolusie” waarin eksperimentele en nostalgiese elemente die postmoderne gesin beurtelings vorentoe en agtertoe slinger – die onsekere toekoms in. Die huwelik en gesin is in die postmoderne wêreld vasgevang in 'n swaaideur-sindroom sonder uitgang.

Ek meen dat daar, veral binne die kerk, té dikwels fundamentalisties met die Christus-kerk metafoor omgegaan word. Té dikwels word stereotiepe (modernistiese) kultuurhistoriese interpretasies van man- en vrouwees binne die huwelik aan die geloofsgemeenskap voorgehou as Bybels (sien hoofstuk 4). Gelowiges aanvaar dit maklik omdat die pastor/prediker “kind van God” is, maar vergeet dikwels dat die pastor/prediker ook

“kind van bepaalde tyd” is. McFaque (aangehaal deur Botha 1997:20) bevestig hierdie feit in die volgende aanhaling:

Most of us live most of the time within the power of models of which we are unaware. The models are part of a “paradigm”, an entire set of assumptions about what we believe we do, ought to do, or would like to do. Such paradigms are simply the basic conventions, largely unquestioned, which the establishment of a society in it’s religious, political, economic and educational institutions defends and into which it initiates the young.

In die lig van die voorafgaande stem ek saam met Isherwood en McEwan (1993:86) dat, in die strewe na teologiese reflektoring, die vraag miskien eerder gevra moet word of iets goed/gesond is, as die vraag of dit Bybels/christelik is. Dit wat ons as Bybels/christelik verstaan, is dikwels kultuurhistoriese stereotipes, soos die mens dit verstaan binne bepaalde kultuur en sosiale konteks. By die interpretasie van hierdie metafoor speel kultuurhistoriese stereotipes baie belangrike rol. Die bestaan, asook die invloed van sodanige stereotipes in verband met man en vrou in die huwelik kan nie geïgnoreer word nie. Wanneer daar oor die invloed van sosiaal-gekonstrueerde diskoerse in hierdie studie gereflekteer word, is die einddoel soos Sevenhuijsen (1998:131) dit stel, “repairing of citizens so that they can once more take part in their normal social participation”.

Vir **my eie beskouing oor die huwelik** sluit ek aan by Everett soos aangehaal deur Botha (1998:169-171). Hy sien die huwelik as:

- \* ’n **Sakrament**: Soos in Efesiërs verduidelik word, is die huwelik ’n simbool van die kerk. Die huwelik is kerk in die klein en ’n mikro-geloofsgemeenskap.
- \* ’n **Roeping**: Egpare is in hul huwelik besig om God se koninkryk te laat kom in opdrag van God. Die manier wat ons dus bestaan in die huwelik is hoe ons God gehoorsaam. Dit word gehoorsaamheid aan God.
- \* ’n **Verbond**: Die huwelik is analoog aan die Christus-kerk-verhouding. Dit is ’n verbintenis wat *voor God* aangegaan word vanweë egpare se verhouding met God.
- \* ’n **Gemeenskaplike eenheid**: Alles wat man en vrou is en het word gemeenskaplik gedeel.

#### 1.4 DIE NAVORSINGSPROBLEEM



Op grondvlak is dit my ervaring as pastor en terapeut dat daar te veel pyn, onreg en verwarring in huwelike bestaan, ook in die huwelike van gelowiges (sien bylaag A, Minette se brief as voorbeeld). Hierdie pyn het ongelukkig baie te doen met ons interpretasie van die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5. Hierdie stereotiepe beskouings, oor die man se hoofskap en die vrou se onderdanigheid, is die kerk nie gespaar nie. Intendeel, dit word dikwels deur lede van die kerk aan lidmate voorgehou as die enigste waarheid. As regverdiging vir hierdie beskouings word Efesiërs 5 dikwels gebruik in geskrifte, van die kansels, tydens huweliksverrykingskampe en in terapie.

J Alsdurf en P Alsdurf wat al sedert 1981 navorsing doen oor geweld onder gelowige egpare, het bevind dat christen-huwelike nie veel beter lyk as dié van ongelowiges wanneer dit kom by gesinsgeweld nie. Dit was ook my ervaring as predikant die afgelope 20 jaar. Die verwarring, pyn en onreg wat ek as predikant waargeneem het, is dikwels variante van een van die volgende twee uiterstes:

At one extreme are those who contend that Scripture teaches that the husband functions as God and the wife is to obey him as if he were God himself. At the other end of the continuum are those who either want to put the notion of submission behind us as a first century hermeneutic or want to reject Scripture completely because of the centrality of submission, as modeled by Christ, to christian theology.

(Alsdurf & Alsdurf 1989:82-83)

Alsdurf en Alsdurf (1989:17-18) haal die volgende tragiese verhaal aan, as voorbeeld van eersgenoemde uiterste soos hierbo genoem:

After the marriage my husband treated me as a nonperson with no value other than through him. He cited Scripture passages in support of his treatment of me. Any time I objected to his behaviour or to his decisions, he told me that I was to submit to him just as totally as if he were Jesus Christ. He firmly believed that if I were obedient and submissive, God himself would take care of me. Therefore he was free to behave as irresponsibly as he liked without fear of hurting me or our child. He felt God wouldn't allow us to be hurt unless it was God's will.

My husband took no responsibility for his actions at all. I spent many agonizing hours in prayer and fasting, seeking to drive out every vestige of sin from my life. I believed that when I finally learned what God was trying to teach me, my husband would respond with love. But the more I submitted to him, the more arrogantly he displayed his flagrant abusive behaviour. I sought counsel from pastors and friends. Many didn't believe me. It's not hard to understand why. How could such an upstanding member of the church and community be capable of such a miscarriage of God's justice?

I despised his attendance and eager participation at church because it underlined the contrast to his behaviour at home. Those who did believe me offered no solace; only sympathy and empty platitudes. They affirmed my submissive reaction to my husband's abusive tyranny. No one at any time went to talk to my husband about his behaviour in loving correction. I was always left empty-handed to return to my personal hell.

## **1.5 DIE NAVORSINGSVRAAG**

Wat is die betekenis van die Christus-kerk metafoor in Efesiërs 5:21-33 en hoe kan dit as hulpmiddel in pastorale huweliksterapie benut word om egpare te begelei na eties verantwoorde huweliksverhouding waarbinne man en vrou as gelykes hul volle potensiaal kan verwesenlik?

## **1.6 DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSPROSES**

In die lig van die voorafgaande probleme soos ek dit in my bediening aantref, glo ek dat daar opnuut behoefte bestaan om die Christus-kerk metafoor in huweliksterapie te dekonstrueer. In hoofstuk 3 vind die dekonstruksie van die teks van Efesiërs 5:21-33 plaas. Die doel is om my egalitêre interpretasie (sien 1.2) van die metafoor eksegeties te verantwoord. In hoofstuk 4 word twee uiterste interpretasies van die metafoor krities beskou. Die gevolge van hierdie interpretasies vir die kerk word ook bespreek. In Hoofstuk 5 word stereotiepe beskouings en veral dominante diskoerse oor onderdanigheid en hoofskap in terapie saam met egpaar gedekonstrueer. Die pad wat saam met die

egpaar in terapie gevolg is word uitgespel om sodoende die bruikbaarheid van die egalitêre interpretasie van die Christus-kerk metafoor vir huweliksterapie te bepaal.

## 1.7 DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE

Die doel kan soos volg opgesom word:

\* Om die stereotipe interpretasie van die Christus-kerk metafoor in huweliksterapie te dekonstrueer. Daar word bepaal of my egalitêre interpretasie van Efesiërs 5:21-33 op verantwoordelike wyse uit hierdie skrifgedeelte afgelei kan word. Daar word gekyk na wat die metafoor binne die konteks van Efesiërs wil sê en wat dit nie sê nie. Nuwe vrae word gevra oor die betekenis van *onderdanigheid* en *hoofskap* binne die konteks van die Christus-kerk metafoor.

• Om te wys op die voorkoms en funksionering van stereotiepe kultuurhistoriese interpretasies oor man- en vrouwees, veral binne die geloofsgemeenskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Om te reflekteer oor die invloed wat hierdie interpretasies in die geloofsgemeenskap het op mense se lewens en verhoudings. Gerkin (1991:54) verwys daarna as “the shaping of common sense by cultural traditions”. Die term common sense verwys na “commonly held understanding of the way life is or should be.... Common sense is seen primarily in the judgements about right and wrong, proper and improper.”

\* Om in terapeutiese situasie met een egpaar te bepaal watter nut die egalitêre interpretasie van Efesiërs 5:21-33 het as hulpmiddel in huweliksterapie.

\* Om verslag te doen van die pad wat saam met een christen-egpaar geloop is om hulle te help om stereotiepe en skadelike beskouings in verband met hul huwelik te dekonstrueer aan die hand van die egalitêre interpretasie van die Christus-kerk metafoor, soos verantwoord in hoofstuk 3.

## **1.8 ONTMOET DIE ANDER DEELNEMERS AAN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK**

In hierdie studie word daar **slegs gefokus op gelowiges**. Die opdragte in Efesiërs 5:21-33 is gerig aan gelowiges wat met die Gees vervul is. Daarom fokus ek in my navorsing op soortgelyke mense. Dit beteken nie dat die Christus-kerk metafoor geen waarde het vir ander mense nie.

### **1.8.1 Jan en Petro** (name is verander ter wille van konfidensialiteit)

Toe Jan en Petro se paaie met myne gekruis het, was hulle lidmate van ander Nederduitse Gereformeerde gemeente op buurdorp. Ek het Petro in die hospitaal besoek op versoek van haar familie. Petro se kakebeen was op twee plekke gebreek nadat Jan haar met die vuig geslaan het omdat sy, soos hy sê, nie na hom wou luister nie. Petro het aan my vertel wat gebeur het en gevra of ek asseblief met Jan sal praat. Volgens Petro het Jan haar al verskeie kere in die verlede aangerand.

Jan het sy eie predikant die huis belet omdat dié predikant na vorige aanranding, saam met twee ouderlinge, vir Jan tuis gaan vermaan het. Jan het daarna geweier om weer kerk toe te gaan. Ek het Jan tuis gaan besoek en hom na lang kuier uitgenooi om my te kom sien sodra sy vrou uit die hospitaal ontslaan is. Hy het die uitnodiging aanvaar en so het ons pad dan saam begin. Jan is 50 jaar oud en Petro 49 jaar. Hulle is al 26 jaar getroud en het twee seuns van 21 en 23. Jan is welvarende boer en Petro is tuisteskepper. In hoofstuk 5 word daar volledig verslag gedoen oor Jan en Petro se deelname aan hierdie navorsingsprojek. Hulle het albei toestemming gegee tot deelname aan hierdie navorsingsprojek.

## **1.9 VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING**

**Hoofstuk 1** skets kortliks die agtergrond en die faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie studie. Daar word aandag gegee aan die navorsingsvraag en die behoefte aan die navorsingsprojek. Die doel van die navorsing word kortliks uiteengesit en die navorsingsproses word uitgespel.

**Hoofstuk 2** beskryf die epistemologiese, filosofiese en teologiese konteks van

hierdie navorsingsprojek.

**Hoofstuk 3** fokus hoofsaaklik op dekonstruksie van die teks van die Christus-kerk metafoor in Ef. 5:21-33 en die funksionering en betekenis van die metafoor binne die konteks van die Efesiërbrief. Daar word deur middel van eksegetiese bepalings of my interpretasie van die metafoor (sien 1.2) wel op verantwoordelike wyse uit hierdie teksgedeelte afgelei kan word.

**Hoofstuk 4** kyk kortliks krities na hoe enkele prominente persone binne die geloofsgemeenskap hierdie metafoor verstaan en interpreteer en ook wat die gevolge daarvan vir die geloofsgemeenskap is. Die tradisionele patriargale interpretasie asook die interpretasie van sommige feministe kom hier aan die orde.

**Hoofstuk 5** bevat breedvoerige verslag van die verloop van die terapeutiese proses, waarin 'n egpaar begelei word om die stereotiepe beskouings in verband met hul huwelik te dekonstrueer, in die lig van my interpretasie van die Christus-kerk metafoor. Die doel hiermee is om vas te stel hoe die nuwe insigte en interpretasies wat spruit uit hierdie navorsing, aangewend kan word as hulpmiddel in pastorale huweliksterapie. Die pad waarlangs die egpaar, aan die hand van hierdie interpretasie van Ef. 5, begelei word om stereotiepe beskouings in verband met die rol van man en vrou in die huwelik te dekonstrueer, word dus uitgespel. Daar word saam met die egpaar 'n nuwe huwelikstorie gekonstrueer. Dit word gedoen sodat die mag wat stereotiepe diskoerse in verband met *hoofskap* en *onderdanigheid* oor hul lewens het, verbreek kan word.

**Hoofstuk 6** word gewy aan reflektoring oor die navorsingsprojek en selfreflektoring. Daar word gereflekteer oor die bereiking van die navorsingsdoelwitte. Uitdagings vir die kerk word ook hier bespreek. Hierdie hoofstuk dien verder as samevatting tot die navorsingsprojek.